| 24 Oktober | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE




## SONDAG 26 OKTOBER SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Theuns Henn | Ds. Kirsten Small | Ds. Heinrich Carstens |
| 2 Tim 4:1-8 & 16-18 | 2 Tim 4:1-8 & 16-18 | 2 Tim 4:1-8 & 16-18 |

LIG | DEERNIS | HOOP

## Kuierkerk




## Hangklipkerk




## Kleinmondkerk



YouTube

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is:

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

*Gebruik gerus die* ***SnapScan-opsie*** *om jou offergawe te gee.*

SnapScan

# Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 27 Oktober** | ***11:30*** | Herders (Kapel) |
| **Dinsdag 28 Oktober** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| **Woensdag 29 Oktober** | ***18:00*** | Rusplek-erediens |
| | ***18:00*** | Dissipelskapgroep (Kapel) |
| **Donderdag 30 Oktober** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| **Vrydag 31 Oktober** | ***06:30*** | Kleinmond Mannegroep |
| | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |
| **Saterdag 1 November** | ***09:00*** | **Hangklip Kuierbasaar** |

# Verkose Ouderling

Die Kerkraad van NG Gemeente Kogelberg het tydens die kerkraadvergadering, op 22 Oktober 2025, **Esajas Reinier Lombaard (Voorsitter van die Hangklip Wyksraad)** amptelik gekies as ouderling. Volgens die Kerkorde (reglement 6) word die naam van die lidmaat twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie bekendgemaak. Indien enige lidmaat beswaar wil maak teen die verkose kerkraadslid, kan die beswaar skriftelik by die kerkkantoor voor Woensdag 5 November 2025 ingedien word.


Sondag 26 Oktober se
Deuroffers
vir ons gemeente se
Gasvryheidsbediening!


Deuroffers volgende week
vir ons gemeente se
Barmhartigheidsbediening


Dankofferbydraes
Merk asseblief jou
dankofferbydrae met
HK vir Hangklipstreek
of
KM vir Kleinmondstreek



# NUUSFLITS - KERKRAADSBESLUIT

Na deeglike ondersoek van twee ad hoc taakgroepe, het die **kerkraad besluit om 'n tweede voltydse predikant vir ons gemeente te beroep.** Hierdie besluit is geneem nadat ds Leopold van Huyssteen (ons kontrakpredikant in Hangklip) aangedui het dat hy teen einde Februarie 2026 nie weer beskikbaar gaan wees vir die huidige pos nie en ds Kirsten Small se kontrak verstryk ook einde Februarie 2026.

**Ons sien met verwagting uit na die pad waarop die Heilige Gees ons gemeente in hierdie verband sal lei en vertrou dat die Here iemand sal voorsien wat in die volgende seisoen van ons gemeente se lewe saam met ons op reis kan gaan.**

Ons wil graag elke lidmaat se betrokkenheid by hierdie proses vra.

**Hoe kan jy betrokke raak?**

**Bid asseblief voortdurend** vir die leiding van die Heilige Gees!

🙏 vir die persone wat hulleself beskikbaar gaan stel vir die pos.

🙏 vir die Pre-advieskommissie wat met geloofsonderskeiding deur hierdie "aansoeke" moet werk.

🙏 vir die Kerkraad wat 'n beroep op een persoon moet uitbring.

**Jy kan ook iemand nomineer** wat jy glo goed sal inpas in ons gemeente en veral wat die profiel van hierdie pos betref.

Die leraarsprofiel is beskikbaar in die Kerkklok en Eerste Gelui van hierdie week en **nominasievorms moet voor of op Sondag 2 November 2025 om 18:00** ingedien word. Jy kan dit elektronies stuur na **info@ngkogelberg.co.za** of **per hand in die "staalposbus" by die kerkkantoor ingooi.**

# Ons beroep 'n Voltydse Leraar

Met die beroeping van **'n tweede voltydse leraar** staan ons gemeente op die vooraand van **'n nuwe seisoen.** Daarmee **groet ons** vir di Leopold van Huyssteen en Kirsten Small wie se kontrakte DV einde Februarie 2026 uitloop.

Na die **Kerkraadsvergadering** die afgelope week, is die beroepingsproses nou in volle swang! **Die vakature** is reeds die afgelope 4 dae in die **Kerkbode** geadverteer! Die inhoud van die bekendstelling ("advertensie") is in hierdie uitgawe van ons afkondigings opgeneem.

Die Kerkraad het verder 'n ***Pre-advieskommissie van 14 lede*** (goed verteenwoordig uit al die dele van ons gemeente) benoem wat die beroepingsproses sal fasiliteer tot en met 'n aanbeveling wat hulle DV op 3 Desember 2025 aan die Kerkraad sal maak.

*Die Pre-advieskommissie werk aan die hand van 4 belangrike waardes:*

- **Gebedsafhanklikheid**
- **Maksimale gemeentebetrokkenheid**
- **Goeie Kommunikasie en**
- **Vertroulikheid!**

---

**2025 NOMINASIEVORM INSAKE BEROEPING VAN 'N VOLTYDSE LERAAR VIR DIE NG GEMEENTE KOGELBERG (KLEINMOND)**

**1. BESONDERHEDE VAN KANDIDAAT**

1.1. Volle naam en van: ______________________________

1.2. Huidige werkkring/ gemeente: ______________________________

1.3. Selfoon: ______________________________

1.4. Eposadres: ______________________________

**2. VERKLARING**

Ek, die ondergetekende, het kennis geneem van die posvereistes van die kerkraad met die oog op die beroeping van 'n tweede voltydse leraar. Ek versoek die kerkraad om die naam van bogenoemde kandidaat op die groslys te plaas. Ek is ook bewus daarvan dat die kerkraad die genomineerde kandidaat sal kontak met die versoek om sy/haar CV beskikbaar te stel, asook om n vraelys met bedieningsgerigte vrae te voltooi en beskikbaar te stel.

**3. GENOMINEER DEUR**

3.1. Volle naam en van: ______________________________

3.2. Wyk: ______________________________

3.3. Datum: ______ / ________ / 2025

LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG

LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

**NG GEMEENTE KOGELBERG**

## Vakature: Voltydse Predikantspos (Reglement 13 van die Kerkorde)

### Gemeenskaps- en Gemeenteprofiel

NG Gemeente Kogelberg strek vanaf Arabella tot by Rooiels en sluit Kleinmond, Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels in. Ongeveer 70% van die lidmate woon in Kleinmond en 25% in die Hangklipstreek. Kleinmond lê 90 km van Kaapstad en 40 km van Hermanus, in die Kogelberg Biosfeer – een van die wêreld se rykste fynbosgebiede.

Ons gemeente bestaan uit ongeveer 1600 belydende en 120 dooplidmate. 'n Groot deel is afgetredenes wat aktief in die gemeenskap en verskeie organisasies betrokke is. Ons gemeente het tans 3 eredienspunte (twee in Kleinmond en een in Bettysbaai). Ons het 'n goeie laerskool op Kleinmond met ongeveer 400 leerders en die meeste hoërskoolleerders gaan na Hermanus, maar sommige ook na Caledon.

Ons gemeenteroeping lui: *"Draers van Sy Lig, Verskilmakers met deernis en Ambassadeurs van hoop."*
Erediensplekke is die Kleinmondkerk (Vierdelaan), Kuierkerk (Eerstelaan) en Hangklipkerk (Bettysbaai).

Vir meer inligting: stuur epos stuur na info@ngkogelberg.co.za of heinrich@ngkogelberg.co.za of besoek ons webtuiste by www.ngkogelberg.co.za of ons Facebookblad NGK Kogelberg.

### Predikantsprofiel

Ons soek 'n predikant wat:

- die normale ampspligte (Artikel 9/Kerkorde, 2023) as bedieningsriglyn aanvaar
- 'n lewende verhouding met God Drie-enig het
- spanwerk waardeer en vernuwing met wysheid fasiliteer;
- ons gemeenteroeping deel en saam met ons oor God se pad met die gemeente dink;
- inspirerende leiding neem en fokus op intergenerasionele familiebediening;
- die Woord op 'n Skrifgetroue, relevante wyse verkondig;
- oor 5–10 jaar bedieningservaring beskik en saam met ons huidige predikant 'n diverse gemeente kan begelei;
- geestelik en emosioneel volwasse is, met 'n positiewe lewensuitkyk en waardes van respek, deernis en luister.

### Vergoeding

Volgens Sinodale Riglyne (Kerf 9 maksimum). 'n Doelmatige pastorie in Kleinmond is beskikbaar.

### Aansoeke

Stuur per e-pos aan **info@ngkogelberg.co.za**:

- Aansoekbrief
- CV (maksimum 3 bladsye)
- Drie relevante referente
- Kort **bekendstellingsvideo** oor jou bedieningservaring, gawes, visie en roeping
- Skakels na erediensopnames

**Sluitingsdatum**: Sondag, 16 November 2025 **Onderhoude**: 24-28 November 2025

Ingevolge die **POPIA-wet** gee kandidate toestemming dat hul inligting deur die pre-advieskommissie en kerkraad slegs vir hierdie aanstellingsproses gebruik mag word.

**Navrae:**

- Heinrich Carstens (Voorsitter Kerkraad): 083 566 1490 / heinrich@ngkogelberg.co.za
- André Theron (Voorsitter Pre-advieskommissie): 076 903 8271 / lali.theron@gmail.com
- Joke Venter (Bedieningsbestuurder): 072 711 2261 / 028 271 3470 / info@ngkogelberg.co.za

*Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.*




Gebedsgroepe

Hangklip Bybelskool







Rusplek-erediens

Mannebediening



# 2026 KALENDER




Weet jy van 'n besigheid wat wil help om ons Kalender vir 2026 te borg?

Het jy jou eie besigheid wat graag as 'n borg vir die Gemeente se Kalender wil instaan?

Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting en om jou borgspasie te bespreek.
Slegs 15 spasies beskikbaar. Afsnydatum @ Vrydag 24 Oktober 2025.

2026 Kalender

## Caritas



# Nagmaal Koskasinsameling

As jy dalk vergeet het van die KOSKASINSAMELING vir ons Barmhartigheidsbediening met ons Nagmaalnaweek, kan jy enige tyd in die volgende week of twee steeds jou bydrae bring.

## Lootjies!

# WEN!!! WEN!!! WEN!!!

**LOOTJIE R50**



**3 Hantam-lammers & R1500 Linne-geskenkbewys**

**Beskikbaar by 'n Hangklip Dienswerker of die Kerkkantoor in Kleinmond.**

***Sluitingsdatum is Vrydag 28 November***

# Wit olifante




# Dankoffers



Hangklip

# KUIERBASAAR

## 1 NOVEMBER

09:00
-13:00

- Pannekoek
- Basaarpoeding
- Hamburgers
- Potjiekos
- Teetuin
- Koek
- Beskuit
- Boeries
- Kindertafel
- Plante
- Wit Olifante...



PILLANSIAWEG 2
BETTYSBAAI

**GRATIS TEE & KOFFIE**

**MUSIEK**

& KINDERVERMAAK

VIR ENIGE SKAKEL DIE KERKKANTOOR BY 028 271 3470




# Wildspasteie in wording!


Vier vriendelike vroue besig om in die Hangklipkerk se kombuis smullekker wildspasteie te maak vir die fondsgenerereringspoging wat saamlooo met die Kuierbasaar op 1 November.

*Van links is Ingrid Ungerer, Elsa-Marie Smeda, Marietjie Reitzema en Marette Maree.*

# HOE WERK DIE KAARTJIES BY DIE *Hangklip* KUIERBASAAR

1. Koop kaartjies **tydens die Basaar of in die week by die Kerkkantoor** (10:00-13:00) **of by Hangklipkerk** (11:00-12:00).

2. Jy kies self vir hoeveel rand jy kaartjies wil koop. ***Byvoorbeeld R50.***




3. ***Gebruik die kaartjie soos 'n beursie om by enige tafel of stalletjie iets te kan koop.***

4. Elke keer as jy iets koop, word die bedrag doodgetrek op jou kaartjie.
***Byvoorbeeld:***
***Jy koop 2 pannekoeke teen R10 elk. Jy betaal R20 – en jy het nog R30 oor op die kaartjie om elders te spandeer!***



# Vrouebyeenkoms Afsluitingsfunksie

Die funksie vind plaas op **4 November 2025** om **15:00** by die **Kerksaal**, Eerste laan 36, Kleinmond.

Ons benodig dames wat bereid is om as **gasvroue** op te tree. Die gasvrou van elke tafel sal verantwoordelik wees vir die **volledige dek van die tafel**, asook om **een groot koek of tert (soet)** te voorsien. Ons sal sorg vir die bordjies soutgoed, tafel, stoele en tafeldoek (indien nodig reël net vooraf).

Ons maak staat op jou unieke “flair” en gasvryheid om die middag in te kleur!
Indien jy kans sien vir hierdie rol, kontak asseblief vir Elizna Hogan by die kerkkantoor 028 271 3470 of Ninnie du Toit by 082 419 2938.

***Ons sien uit daarna om saam met julle te kuier en hierdie middag onvergeetlik te maak!***

Met hartlike groete,
Kerkkantoor

## OPWINDENDE NUWE BOEK DEUR LIDMAAT WORD BEKENDGESTEL

Lisel Krige

‘n Geleentheid by die Hangklipkerk wat nie misgeloop moet word nie – sommer kort na die basaar – is wanneer die boek Living Our North Star, wat die oënskynlik uiteenlopende velde van spiritualiteit en besigheidsbestuurspraktyke in lyn bring met mekaar, op Woensdag 5 November om tienuur die oggend daar bekendgestel word.

Professor Marius Ungerer van die Universiteit van Stellenbosch se Besigheidskool, ‘n lidmaat van ons gemeente, en sy medeskrywer, Guillaume Smit, lektor by die Hugenote-kollege op Wellington, help lesers met die moeilike vraag oor hoe ‘n mens jou geestelike oortuigings kan integreer met nuwe, beter en innoverende praktyke in die werksplek.


“Leiers met ‘n sterk spirituele fondament is beter toegerus om stres te hanteer en om deurdagte, innoverente en etiese besluite te neem,” lui ‘n uittreksel van die voorwoord.

Die boek bestempel ons spirituele perspektiewe as ‘n lens waardeur ons ‘n vernuwende uitkyk op bestuur en leierskapspraktyke ontwikkel, steeds in lyn met die erkende bestuursfunksies van beplanning, organisasie, leiding en beheer. Spiritualiteit verleen innerlike krag én veerkragtigheid. Dit is kwaliteite wat deurslaggewend is vir die hantering van die onsekerhede en verwikkeldhede van die moderne besigheidsomgewing.

Prof. Piet Naudé, voormalige direkteur van die Besigheidskool, sê die boek bring op ‘n oorspronklike manier die twee breë studievelde van bestuur en godsdiens bymekaar. Die skrywers slaag daarin om hulle met geloofwaardigheid te verweef, sonder om die integriteit van die twee afsonderlike studievelde in te boet.

Elkeen vir wie die lewe ‘n meerfasettige ervaring is wat werk, familie, ontspanning, gesondheid en spiritualiteit met mekaar integreer, sal ook die boek waardevol vind.

Marius se spesialiteitsveld is Strategiese Bestuur en Leierskap, terwyl hy ook gereeld sy dienste as bedryfsielkundige en sakekonsultant in sy veld van deskundigheid aan besighede en NWO’s bied.





Guillaume Smit is ‘n lektor aan die Skool vir Teologie en Bedieningspraktyk by die Hugenote Kollege op Wellington.

*Boekoase bied aan*

# BOEKBEKENDSTELLING

*Kom gesels met*

**MARIUS UNGERER**




**5 NOVEMBER 2025**
10:00

**HANGKLIPKERK**
PILLIANSIAWEG 2,
BETTYSBAAI

**RSVP:**
mariusu@sun.ac.za
voor 2 November 2025

*Kogelberg se Getuienis*



## GETUIENIS-SONDAG: 16 NOVEMBER 2025 SENDELING - YOLANDÉ KORKIE

Yolandé en haar man, Pierre, het saam met hulle twee kinders gekies om in Jemen te gaan werk – om vriendskapsbande met Moslems te smee met die doel om die evangelie te deel.

In haar boek 558 Dae vertel sy van hulle geweldadige ontvoering en die emosionele en fisiese lyding tydens aanhouding. Na sewe maande daarvan is sy, danksy taai onderhandeling, vrygelaat. Na nog 11 maande het haar man gewelddadig gesterf.

Nog later, terug in Suid-Afrika, het Yolandé met die organisasie Crisis Response Network (CRN) begin. Sendelinge en slagoffers van geweld word ondersteun, asook mense in vlugtelingkampe.

Yolandé kom vir ons meer hiervan vertel, maar veral ook hoeveel swaarkry daar in vlugtelingkampe is en wat CRN doen om te help.

Ons gemeente wil op Sondag 16 November by haar meer hiervan leer, en ons hoop om 'n klein groepie plaaslike migrante (mense uit ons buurstate) te nooi om deel te wees, ons gasvryheid te beleef en hopelik moed te skep. Almal in ons gemeente word na hierdie geleentheid (in Kleinmond-kerk) uitgenooi.

Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid
(Rom 12:13)

# Eko-bediening

**VG Kerk Kleinmond + NG Kerk Kogelberg**

# Skoonmaakdag

**Tussen die begraafplaas en KAWS**

*Saterdagoggend 18 Oktober 2025 8h00 -9h30*

EKO-BEDIENING

Die aarde behoort aan die Here

STRANDLOPERS

ECO-YOUTH CLUB

*Met liefde gemaak deur Joanne*















# Eko-bediening

VG Kerk Kleinmond + NG Kerk Kogelberg

## Skoonmaakdag

Tussen die begraafplaas en KAWS

Saterdagoggend 18 Oktober 2025 8h00 - 9h30

EKO-BEDIENING

Die aarde behoort aan die Here

STRANDLOPERS

ECO-YOUTH CLUB

Met liefde gemaak deur Joanne














Verjaarsdagfeesdiens
NG Kerk Kogelberg
Sondagoggend 19 Oktober 2025 9h30
DIE BYBEL
Met liefde gemaak deur Joanne







DEUR GOD,












# Verjaarsdagfeesdiens

## NG Kerk Kogelberg

Sondagoggend 19 Oktober 2025 9h00



Met liefde gemaak deur Joanne


























Verjaarsdagfees
NG Kerk Kogelberg
Sondagoggend 19 Oktober 2025 11h00
Met liefde gemaak deur Joanne


POPCORN




HAPPY
HE DID!
ELIZABETH II is CROWNED
OBAMA







# Verjaarsdae!

## Saterdag 25 Oktober

Babs Delport 082 375 5494 (PM3)
Henna Joubert 083 384 7006 (Ba1a)
Sophie Taljaard 082 881 6030 (PB2c)
Ryk van Velden 082 857 4368 (Sa4)

## Sondag 26 Oktober

Marieta Burger 083 443 2898 (BB1a)
Magda Halgryn 072 224 4092 (PB1)
Johan Hattingh 082 650 5604 (HK2)
Wolfgang Heim (PB2b)
Albert Louw 084 673 6245 (BB1b)
Rijk Stofberg 084 805 1301 (Sa3)
Annelie van Staden 082 464 2390 (PB1)

## Maandag 27 Oktober

Gert Claassen (KB2)
Lizelle Elson 084 900 4444 (HK1)
Hannes Engelbrecht 084 400 0257 (KB4)
Jacques Fourie 083 304 0367 (Bb2)
Hantie Lombaard 082 903 8639 (PB2b)
Stephen Myburgh 076 257 4350 (HK1)

## Dinsdag 28 Oktober

Johannes Horn 083 376 1915 (Ba2)

## Woensdag 29 Oktober

Berna Austin (BB1b)
Arina de Jager 073 255 3043 (Sa4)
Nina van Zyl (Bb4)

## Donderdag 30 Oktober

Chris de Jager 083 408 5218 (KB6)
Ronel Dreyer 082 835 4182 (Sc1)
Petrus Groenewald (HK2)
Lise Smit (Bb1)

## Vrydag 31 Oktober

Sophia Bernard 082 089 3854 (KB5)
Pieter Britz 082 469 6724 (Ba1b)
Charl du Toit 061 243 8857 (HK3)
Annemarie Klopper (HK3)
Theodor Mcfarlane 079 531 4377 (KP1)
Guy Roberts 082 839 5716 (BB6)
Schalkie Theunissen (KP2)



GESPREKSBLAD VIR GROEPE
2 Timoteus 4:1-6 & 16-18




**GROEPGESPREKKE | 27 OKTOBER - 1 NOVEMBER 2025**

1. **Gesels bietjie saam...**

   Vertel vir mekaar van 'n preek wat jy baie goed onthou.

   1.1. Waaroor het die preek gegaan?
   1.2. Watter Skrifgedeelte(s) was die basis van die preek?
   1.3. In watter gemeente het jy die preek gehoor?
   1.4. Wie was die dominee wat gepreek het?
   1.5. En... hoekom dink jy het jy hierdie spesifieke preek onthou?

2. **Ons storie nou...**

   2.1. Ons leef in 'n tyd en wêreld waar inligting op baie kreatiewe maniere met mense gedeel word. Mense hou van 'n visuele uitbeelding van 'n boodskap of aanbieding, waar hulle aandag "vasgevang" en gehou word. 'n Leierskapswebblad sê daar is 3 goue reëls om jou kommunikasie te verbeter:
   - 2.1.1. Moet nooit probeer om meer as 3 idees of gedagtes te kommunikeer nie.
   - 2.1.2. Wanneer jy meer ingewikkelde idees of konsepte verduidelik, doen dit vanuit 3 unieke perspektiewe of met 3 verskillende metafore.
   - 2.1.3. Herhaal die 3 belangrikste punte van jou kommunikasie.

   2.2. Gesels met mekaar oor die watter maniere van kommunikasie vir jou effektief is en watter soort kommunikasie jou help om goed beter te verstaan of te onthou?

   2.3. Die Bybel is God se Woord aan mense wat onder leiding van die Heilige Gees gelees en oordink moet word, sodat God ons lewens kan transformeer na die voorbeeld van Jesus Christus se lewe. Op watter maniere gebeur hierdie "verkondiging van die Woord" in jou lewe en in ons gemeente?

3. **God se storie...**

   3.1. Lees vir hierdie byeenkoms net 2 Timoteus 4:1-8 & 16-18 rustig saam deur. Dié gedeelte bestaan uit die volgende dele:
   - 3.1.1. Vers 1-5 beveel Paulus vir Timoteus om vol te hou met die verkondiging van die Woord te midde van uitdagings en omstandighede.
   - 3.1.2. Vers 6-8 vertel Paulus van sy omstandigede en hoe hy getrou was aan sy roeping.
   - 3.1.3. Vers 16-18 getuig Paulus van God se trou en bystand ten spyte van omstandighede.

   3.2. Gesels met mekaar oor die volgende:
   - 3.2.1. Let op dat Paulus vir Timoteus "beveel voor God en voor Christus Jesus". Waarom - dink julle - stel Paulus dit só sterk?
   - 3.2.2. Hoekom is die verkondiging van die Woord vir Paulus só belangrik (v1)?

3.2.3. In vers 3 verwys Paulus na die tyd "wanneer mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie" en "hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor". Gesels met mekaar oor hierdie verskynsel dat mense hou van prediking wat hulle gemaklik en veilig laat voel.

3.2.4. Wat is - volgens jou - die "waarheid" van die evangelie?

3.2.5. In vers 7 sê Paulus dat hy die wedloop afgelê het en die wenstreep bereik het. Let op dat hy nie sê dat hy eerste gekom het nie. Hoe help dit jou om te dink oor jou roeping en volharding as gelowige?

3.2.6. Paulus sê in vers 8 dat hy die oorwinnaarskroon verkry het... dit is die lewe by God. Beteken dit dat "die lewe by God" eers begin die dag as ons aardse liggame sterf? Wat is 'n lewe by God vir jou?

3.2.7. Teleurstellings is deel van die lewe. Hoe help Paulus jou in vers 16 om te dink oor mense wat jou in die steek laat?

3.2.8. As Paulus in vers 17 sê dat die Here hom bygestaan en krag gegee het, dan is dit juis sodat Paulus sy roeping vir die verkondiging van die evangelie kon uitleef. Hoe help hierdie gedagte jou om te dink aan God se bystand en krag in jou lewe as dit kom by jou persoonlike ideale? Of gaan dit in die eerste plek oor die uitleef van jou roeping?

3.2.9. Volgens vers 18 se laaste deel... wat is die enigste doel van ons prediking en die uitleef van ons roeping (en trouens van ons hele lewe)?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

In hierdie brief praat Paulus in die eerste plek met Timoteus oor sy roeping as verkondiger van die Woord. Maar dit het mos ook implikasies vir elke gelowige ten opsigte van die uitleef van sy of haar besondere roeping. Eintlik gaan dit oor 'n totale lewe voor God, waar ons nie meer onderskei tussen "my lewe en dinge" en my lewe voor God nie. Dan is ons nie betrokke by bedieninge of diensaksies nie, maar word ons hele lewe 'n bediening voor God. Deel met mekaar as groep hoe jy jou roeping verstaan... en hoe jy dit elke dag uitleef as gelowige.

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord met die oog op Sondag 2 November se eredienste en oordink dit solank hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 27 Oktober - 2 Timoteus 4:1-8 en 16-18
- Dinsdag 28 Oktober - Psalm 32:1-7
- Woensdag 29 Oktober - Amos 6:1a & 4-7
- Donderdag 30 Oktober - Lukas 19:1-10
- Vrydag 31 Oktober - 2 Tess 1:1-4
- Saterdag 1 November - 2 Tess 1:11-12